Jaargang 16 no 1
Desember 2006 /
Januarie 2007

Tema: Feminisme

- **Die invloed van die werkende ma op gesin en samelewing…….2**
- **Vroue in die politiek...4**
- **'... en vriendelike onderrigting is op haar tong' (Spreuke 31:26b).....6**
- **Vrouwees.....8**
- 'Nemo' in die gemeente van Christus.....10
- Verslag Ad hoc Sinode 12
- Onderhoud.met Delia Nicholson.....15
- Die melkweg het 'n ster laat val.....17
- Hoera, dis vakansie!..20
- Reaksie op Domino-krasie.....22
- In memorium : Ds G van Rongen.....23

TOEKOMS

Dit is die laaste uitgawe van *Kompas* vir hierdie jaar. Die Anno Domini 2006 is al weer amper deel van die geskiedenis. Wat het ons bereik, waar staan ons, waarheen is ons op pad? Vrae wat opkom by 'n tydsmylpaal soos die einde van 'n jaar. Christus regeer die wêreld en is op pad na sy wederkoms, so bely ons. Het dit duidelik geword in die jaar 2006? Het dit duidelik geword in ons lewe?

Ouer mense kyk terug. Jong mense fokus op die toekoms. Iewers tussenin lê die draaipunt. Prediker sê die lewe is 'n oënskynlik sinlose herhaling van opgaan, blink en versink. En hy gee ons die wyse raad om te geniet van die goeie wat God ons beskik. Maar ons weet meer as Prediker. Ons het Christus leer ken – as die sin van die geskiedenis. Alles in hierdie wêreld en in ons lewe hang af van Christus en kry betekenis in Hom.

Die jaar 2006 was maar weer 'n woelige jaar vir die wêreld. En die kerk? Het ons gegroei in diepte - in geloof, en in breedte - missionêr? Voel ons veilig by Christus, of meer agter lemmetjiesdraad? Daar is genoeg vrae waaroor ons met mekaar sou kon gesels. Die jeug doen dit saam op die komende jeugkongres: "Wat is ons pad vorentoe in SA?" Dit is goed om, ook saam, oor die toekoms te besin. Wat is ons roeping, waar lê vir ons duidelik 'n taak? Wat vra God van ons in ons persoonlike lewe, in ons beroep, in die kerk?

Kan ons God se wil aflei uit die Bybel? Of voel ons dit in ons hart? Wat is die taak van ons as mans en vroue in die kerk? In die wêreld, en ook aggressief in Suid-Afrika, word vrouens vorentoe gedruk. Kom, speel julle gelykwaardige rol in die samelewing en maatskappy en, ja, ook in die kerk. Niemand vra hoe ons kinders dan opgevoed moet word in 'n gesin-sonder-ouers of sonder 'n pa nie. Niemand vra hoekom jeugmisdaad en dwelmisbruik in die land so toeneem nie. Lees die tema-artikels van hierdie uitgawe.

Kan ons invloed uitoefen op die verkeerde koers van ons regering? Het u gehoor van 'n Gideonsbende? Hier in my hotelkamer lê 'n Bybel van die Gideons. Twee sakemanne wat honderd jaar gelede in gebed begin het. En hoe het dit nie uitgegroei nie! Sal ons dan nie ook moeite doen om die godloosheid in die land te probeer keer nie? God is nie van baie afhanklik om te verlos nie. Hy doen dit dikwels deur min. Wat Hy vra, is om sy wil te volbring, in vertroue op Hom en in sy krag.

Ons kan vir mekaar sê, met die woorde van 'n ou broeder: "Ons gaan 'n goue toekoms tegemoet". Maar dalk nie in materiële opsig en soos ons dit graag sou wou hê nie. Ons gaan 'n goue toekoms tegemoet, want ons is eiendom van Christus. In Hom is ons selfs meer as oorwinnaars! Laat ons saam in blydskap die Christus-fees vier en met vertroue op Hom die toekoms ingaan.

Hans Moes

DIE INVLOED VAN DIE WERKENDE MA OP DIE GESIN EN DIE SAMELEWING

Anita Bron (MA Navorsingsielkunde)

TEMA: FEMINISME

Ongeveer 40% van blanke vrouens in Suid-Afrika is deel van die arbeidsmark. Die getroude vrou met 'n gesin is toenemend deel van hierdie groep werkende vrouens. Vrouens beoefen ook toenemend meer veeleisende beroepe wat hoë eise stel in terme van die rolle wat hulle moet vervul, bv rol as eggenote, beroepsvrou, ma, en dies meer. Die artikel fokus op die identifisering van moontlike impakte wat die werkende ma op die gesin en samelewing het, waarna vasgestel word watter faktore kan bydra tot die impakte, eers in die lig van bestaande navorsingsresultate en dan vanuit 'n Bybelse oogpunt. Dit sal gedoen word aan die hand van 'n gevallestudie.

<table>
<tr><td colspan="6">IMPAKTE</td></tr>
<tr><td colspan="6">OP HUWELIK en KINDERS</td></tr>
<tr><td>Huwelik verbeter want:</td><td colspan="2">Haar man het respek vir haar, omdat hy dink die vrou wat tuisbly is lui</td><td colspan="2">Sy voel dat sy iets beteken</td><td>Finansieel gaan dit beter</td></tr>
<tr><td>Egskeiding want:</td><td colspan="2">Haar man voel minderwaardig</td><td colspan="2" rowspan="2">Sy is moeg en oorwerk en daarom emosioneel afwesig</td><td rowspan="2">Sy het nie tyd vir die gesin nie</td></tr>
<tr><td>Kinders wangedra want:</td><td>Geen dissipline word toegepas nie</td><td>Sy skeep die Christelike opvoeding van die kinders af</td></tr>
<tr><td colspan="6">FINANSIëLE SITUASIE</td></tr>
<tr><td>Finansiële vooruitgang want:</td><td colspan="5">Sy kan finansiële verantwoordelikhede nakom, en dit verminder spanning in die gesin</td></tr>
<tr><td>Geen finansiële vooruitgang want:</td><td>Kindersorg is duur</td><td>Ekstra uitgawes vir klere, ens.</td><td>Kinders word bederf</td><td colspan="2">Status moet altyd verhoog</td></tr>
<tr><td colspan="6">OP WERKSITUASIE</td></tr>
<tr><td>Sy doen nie haar werk na wense nie want:</td><td>Sy moet haar tyd verdeel</td><td>Goeie kindersorg is te duur</td><td>Daar is spanning tuis omdat sy werk</td><td>Werkgewer maak nie aanpassings i.t.v. ure, ens.</td><td>Sy is nie na-ure beskikbaar nie</td></tr>
<tr><td>Werkplek maak aanpassings en verminder spanning want:</td><td>Sy mag fleksi-ure werk</td><td>Die werk voorsien goeie kindersorg</td><td>Sy mag kraamverlof neem, haar man ook</td><td>Sy verdien 'n goeie salaris</td><td>Sy word op kursusse gestuur om haar te bevorder</td></tr>
<tr><td colspan="6">OP DIE KERK</td></tr>
<tr><td>Kerklike betrokkenheid</td><td colspan="5">Sy is ma, eggenote en werknemer en sy kan nie nog by die kerk ook betrokke wees nie</td></tr>
</table>

Erika is 'n Afrikaanssprekende, getroude vrou van 43 en ma van 2 kinders. Matthys is 14 jaar oud en Zanell 12. Erika se man, Werner, is 'n bankbestuurder, en hy probeer om 'n 8 uur-dag te werk sodat hy tyd met sy gesin kan spandeer. Erika en Werner is 17 jaar getroud, en voordat die kinders gekom het, was Erika 6 jaar lank 'n onderwyseres. Sy het ophou werk toe die kinders gekom het, maar wil graag weer begin. Sy voel sy ontplooi nie haar talente ten volle nie, en finansieel sal dit hulle 'n hupstoot gee. Sy is egter in 'n tweestryd, want sy weet nie hoe Bybels gefundeer haar redes is nie en hoe dit haar gesin sal affekteer nie. Werner sal haar ondersteun in die besluit wat sy neem.

Watter impak sal Erika se werkstatus hê op haar gesin en die samelewing? Die impakte wat ek vervolgens lys, is impakte wat geïdentifiseer is deur vrouens met wie ek oor die onderwerp gesels het. Positiewe impakte is kursief gedruk, en is in die minderheid. Let daarop dat hierdie nie 'n volledige lys van potensiële impakte is nie.

Navorsingsresultate

Bogenoemde positiewe en negatiewe impakte is inderdaad sigbaar in gesinne en die samelewing. Onder watter omstandighede sal Erika se werkstatus negatiewe impakte tot gevolg hê? En positiewe impakte? Navorsing toon dat gesins- en beroepsverwante biografiese kenmerke die tipe impak sal beïnvloed. Werner se betrokkenheid by die gesin, hulle kwalifikasies, Erika se ouderdom, die aantal jare wat sy met Werner getroud is, die motief waarom sy haarself in die arbeidsmark bevind, en die houding van haar ondersteuningsnetwerk speel byvoorbeeld alles 'n rol (Du Toit 2000, Maconachie 1990 & 1992, Smit 2001, Smit & Steyn 1996). Elkeen van hierdie faktore word vervolgens in meer diepte bespreek.

Man se betrokkenheid by die gesin

Werner is reeds behulpsaam met die huistake en emosioneel betrokke by die gesin. Werner sal Erika ondersteun in haar besluit, en dit wil voorkom asof hy nie sal omgee as sy meer as hy begin verdien nie. Werner se houding teenoor Erika, hulle verhouding en hulle uitkyk op 'n vrou wat werk, speel dus 'n belangrike rol. As Erika geen ondersteuning kry op emosionele en situasionele vlak nie, gaan sy spanning ervaar, omdat sy nie seker is of sy haar rol in die samelewing reg inkleur nie, en dit sal haar huwelik, gesin en werk negatief beïnvloed. Navorsing bevestig dat mans van dubbelinkomste-gesinne meer betrokke is by huishoudelike take as mans van enkelinkomste-gesinne. Waar huishulpe in diens geneem is, is die man selfs nog minder betrokke.

Spanning oor rol-identiteit is veral meer teenwoordig onder vrouens wat opgegroei het in 'n omgewing waar die werkende vrou veroordeel is. Die man wat in so 'n agtergrond opgegroei het, is natuurlik ook minder behulpsaam, en is emosioneel ook minder betrokke.

Kwalifikasies, ouderdom, aantal jare getroud

Erika en Werner het beide naskoolse kwalifikasies, beklee professionele beroepe en het al 'n huwelikspad saam geloop. Hierdie faktore sal waarskynlik daartoe bydra dat Erika minder beroepspanning en meer beroepsbevrediging ervaar. Anders as jong vroue wat pas getroud is en dalk reeds jong kinders het, het sy klaar by die huwelikslewe aangepas en is sy al meer gesout in hoe sy haar tyd benut en indeel. Ander navorsingsresultate toon egter dat Erika as werkende vrou wat ouer is en langer getroud is, geneig sal wees tot 'n laer verbintenis tot groei in die huwelik. Die aanduiding is dat, wanneer kinders skoolgaande ouderdom bereik tot wanneer kinders die huis verlaat, die huwelik 'n laagtepunt bereik omdat die vrou nutteloos voel. Sy gaan werk om weer waardevol te voel. Nadat die kinders die huis verlaat het, neem huweliksgeluk mettertyd toe.

Motief

Erika wil haar talente ontwikkel, en navorsing toon dat vroue wat beroepsambisie koester, juis bereid is om aan hulle huwelike te werk en betrokke is by hulle kinders. Weer eens hang dit nou saam met die mate van ondersteuning en simpatie met rolkonflik wat Werner toon. Dit is wel so dat die tipe en vlak van emosionele betrokkenheid wat 'n verskeidenheid rolle vereis, veral as die beroep veeleisend is, die gesin se gesondheid negatief kan beïnvloed. Depressie, gepaardgaande met selfmoordneigings, kom meer voor onder vrouens wat werk, en hou sterk verband met rolkonflik. 'n Vermoë tot dubbele betrokkenheid is dalk ook 'n persoonlikheidseienskap.

Erika hoef nie te werk om armoede die hoof te bied nie. Vroue wat gemotiveer word om te werk weens die voorkoming van broodgebrek of om 'n addisonele finansiële bydrae te lewer *tesame* met die innerlike genot wat daaruit geput word, toon meer beroepsbetrokkenheid as dié wat werk net om broodgebrek te voorkom. Met ander woorde, beroepsbetrokkenheid hang sterk saam met innerlike genot wat uit werk geput word. Vroue wat dus in 'n groot mate verplig voel om te werk, sal meer geneig wees om beroepstremming te ervaar as dié wat vrywillig die arbeidsmark betree – wat weer eens die gesin en samelewing negatief sal beïnvloed.

Ondersteuning

Erika se kinders is al ouer, maar skuldgevoelens oor minder tyd saam met die kinders mag steeds teenwoordig wees. Veral as goeie naskoolsorg nie vir die kinders beskikbaar is nie. Die gevoel van

spanning wat beide Erika en die kinders dan ervaar, sal negatiewe gevolge hê. Navorsing toon egter toenemend dat kinders van ouers wat werk, emosioneel glad nie so sleg daaraan toe is nie. Dit hou egter sterk verband met die mate van ondersteuning van die onmiddellike en breër sosiale netwerke. Vriende, familie, mede-gelowiges en die groter samelewing kan die intensiteit van negatiewe impakte verlaag.

Bybelse oogpunt

Die navorsingsresultate toon dat die impak wat die ma se werkstatus op die gesin en die samelewing sal hê, afhang van verskeie faktore. Kan hierdie impakte vanuit die Bybel bevestig of weerlê word? En hoe kan Erika vasstel of haar motivering om te begin werk, Bybels gefundeerd is? Die moeder van koning Lémuël beskryf die impakte van die werkende vrou in Spreuke 31. Hier vind ons nie die stereotipe vrou wat oorgelewer is aan huiswerk, haar man en kinders se behoeftes nie. Ook vind ons hier nie die ambisieuse beroepsvrou wat haar gesin aan hulle eie genade oorlaat nie. Ons vind (onder andere) 'n sterk, liefdevolle, gedrewe, gesonde vrou wat die volgende invloede op haar gesin en die samelewing het:

- finansiële groei (sy het geld om te investeer en sy koop en verkoop)
- haar werknemers is goed versorg, so ook haar gesin
- haar man vertrou haar en gee vir haar die verantwoordelikheid om na hulle besittings om te sien
- die minderbevoorregtes word versorg en gehelp
- haar man en kinders respekteer en prys haar
- haar man word gerespekteer

Die een faktor wat al bogenoemde impakte dryf, is haar fokus op God se wil in haar lewe. "'n Vrou wat die Here vrees, sy moet geprys word." Die fokus van hierdie hoofstuk is die vrou se verhouding met God, nie haar huwelik of werkstatus nie. Die vrou wat ander gode in God se plek stel, soos haar man of haar beroep of haar kinders of geld, gaan 'n effek hê op haar gesin en die samelewing wat nie reggemaak kan word deur 'n beroep te beoefen of tuis te bly nie. Dit gaan slegs reggemaak kan word deur 'n hartsverandering na God toe. Die motivering moet wees: tot eer van God. Ons moet aan God se koninkryk bou. Dit is die effek wat die werkende ma, of sy nou tuis of weg van die huis af werk, op haar gesin en die samelewing moet hê. En dit is waarin haar man en die samelewing haar moet ondersteun.

Bronnelys kan op aanvraag verskaf word.

VROUE IN DIE POLITIEK

Willie Spies

TEMA: FEMINISME

Met die Demokratiese Party se oorwinning in die onlangse kongresverkiesing in die VSA, lyk dit al hoe waarskynliker dat Hillary Rodham Clinton die eerste vrou kan word wat oor twee jaar president van die wêreld se magtigste land gaan word.

Terwyl vroulike politici wêreldwyd aan die toeneem is, bly die rol van vroue in die politiek steeds om verskeie redes 'n interessante debatspunt. Wêreldwyd is vroulike regeringshoofde steeds eerder die uitsondering as die reël. Wêreldwyd is slegs 17% van alle parlementslede vroue, met die Skandinawiese lande as die "leiers" op die gebied met 40% vroue in die parlement.

Suid-Afrika vandag

In Suid-Afrika het wit vroue eers in 1932 vir die eerste maal stemreg gekry. Vandag plaas die regerende party ook 'n baie hoë premie op vroue-verteenwoordiging en daar bestaan in die ANC selfs kwotas met betrekking tot die minimum hoeveelheid vroue wat as kandidate genomineer moet word (tot soveel as 50% op plaaslike vlak).

Danksy die ANC se kwotas is sowat 35% van parlementslede in Suid-Afrika vroue – wat buitengewoon baie is vergeleke met die res van Afrika.

President Thabo Mbeki het onlangs, tot groot irritasie van sy teenstanders in die regerende alliansie, gesê hy dink die tyd is ryp vir 'n vrou as president, "want geen kabinetslid werk so hard en nougeset soos juis die vroue in sy kabinet nie", was sy rede. Die groot klem op vrouebemagtiging word interessant genoeg deur baie waarnemers beskou as een van verskeie oorsake van spanning in die ANC.

Maar kan ‘n vrou ’n politieke leier wees en is dit enigsins haar roeping? In kerke wat waarlik gereformeerd wil wees, is die plek van vroue in die kerklike ampte ‘n uitgemaakte saak. Maar in die politiek is dinge minder seker.

Bybelse vroue in die politiek

Die bekendste voorbeeld van ‘n vroulike politieke leier in die Bybel vind ons in Rigters 4 en 5, waar die geskiedenis van die profetes en rigter Debóra vertel word. Daar staan bloot dat sy onder die palm van Debóra, tussen Rama en Bet-el, op die gebergte van Efraim gesit het en dat die Israeliete na haar toe opgegaan het vir regspraak. Sy het teenoor Barak geprofeteer dat hy teen die Kanaänitiese aanvoerder Sísera moes optrek en dat die Here aan hom die oorwinning sou gee. Barak het by haar aangedring dat sy hom vergesel op die veldtog, wat sy toe gedoen het, met die waarskuwing dat daar dan gesê sal word dat die Here die oorwinning aan ‘n vrou gegee het.

Nog ‘n Bybelse voorbeeld van ‘n vrou in ‘n politieke rol is Ester. Ester het wel aanvanklik aan ‘n heidense skoonheidskompetisie deelgeneem om die vrou van koning Ahasvéros te word, maar sy bereik ‘n belangrike keerpunt wanneer dit bekend word dat Ahasvéros ‘n bevel uitgevaardig het dat alle Jode uitgewis moet word. In Ester 4:14-16 lees ons hoe Mórdegai vir Ester daarop wys dat sy dalk juis “met die oog op ‘n tyd soos hierdie” koningin geword het. Ester bereik ‘n keerpunt. “…en as ek omkom, dan kom ek om”, sê sy en gebruik dan die beperkte politieke invloed wat sy, as vrou van Ahasvéros, het om hom te versoek om aan die Jode uitkoms te gee en uiteindelik die bloedlyn waaruit Christus gebore sou word, lewend te hou.

Die donker Middeleeue

Een fassinerende verhaal van ‘n vrou uit die Europese politieke geskiedenis is dié van Jeanne D’Arc. Sy het tydens die donker tydperk voor die Reformasie as ‘n eenvoudige plattelandse meisie in Domrémy, Frankryk, grootgeword. Sy was nie geleerd nie en, soos gelowiges in die tyd vóór die Reformasie, het sy ook nie die voorreg gehad om Gods Woord in haar eie taal te kon lees en haar eie te maak nie.

In dié tyd was Karel VII Frankryk se regmatige maar magtelose koning. Hy was ook bra huiwerig om sy onderdane te beskerm teen nimmereindigende invalle en plundertogte van Engelse en Boergondiese magte.

Daar word vertel dat Jeanne D’Arc reeds as jong dogter visioene begin sien het van haar roeping om die Franse volk na hulle vryheid te lei. Sy het die visioene vertolk as opdragte van God.

Geïnspireer deur haar visie het sy as jong meisie ‘n tog na die kasteel van die koning aangepak en, ten spyte van verskeie vernederings en teëspoed, uiteindelik daarin geslaag om ‘n oudiënsie met die koning te verkry. “Dra u koninkryk aan God op en Hy sal dit aan u teruggee”, was haar eenvoudige boodskap aan die koning. Toe het sy hom gevra om haar van soldate te voorsien om Orleans van die vyandige besetting te bevry. Karel VII het getwyfel oor die egtheid van haar boodskap en versoek toe ‘n kerklike hof van geestelikes om haar te ondersoek. “As God Frankryk dan wil verlos, het Hy mos nie soldate nodig nie?” was die hof se strikvraag. Haar antwoord was eenvoudig: “Die manskappe sal in Gods Naam oorlog voer en God sal die oorwinning gee”.

Die hof het haar die groen lig gegee en Karel VII het sy soldate aan haar beskikbaar gestel. Een stad na die ander is onder aanvoering van Jeanne D’Arc herower, totdat Karel VII as koning te Reims gekroon is. Haar laaste veldtog – om Parys te herower - misluk egter en in Mei 1430 is Jeanne D’Arc deur koning Karel VII in die steek gelaat en deur die Boergondiërs gevange geneem.

Maande lank het die Engelse en Boergondiërs met die Roomse Kerk onderhandel en aan die begin van 1431 is Jeanne D’Arc aan die Inkwisisie oorhandig. Sy is van kettery verkla en die argumente was eenvoudig: Sy kon tog nie haar oorwinnings sonder die duiwel se hulp behaal het nie – sy moes ‘n heks gewees het. Terwyl die verhoor nog aan die gang was, het die Engelse reeds die brandstapel op die markplein van Rouen gereed gemaak. Die Inkwisisie het sy bevinding gemaak: Daar is bevredigend bewys dat Jeanne D’Arc waarlik ‘n heks was, ‘n kind van die duisternis en ‘n bondgenoot van die duiwel.

Op 30 Mei 1431 het sy op die brandstapel gesterf. Vier-en-twintig jaar na haar teregstelling is daar weer ‘n hof aangestel om haar skuldigbevinding en teregstelling te ondersoek. Dié slag is sy onskuldig bevind. Die Roomse kerk het haar in 1920 tot “heilige” verklaar.

Was Jean D’Arc ‘n heks en ‘n ketter of was sy ‘n profeet en koninklike stryder van Christus? In die donker tye voor die Reformasie is daar selfs meer blatante oordeelsfoute oor vrae soos dié gemaak, maar dit wil tog lyk of Jean D’Arc wel ‘n gelowige was wat met die beperkte lig tot haar beskikking, geregtigheid nagejaag het.

Die Afrikanergeskiedenis

'n Interessante voorbeeld van 'n vrou uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat met haar waagmoed die verbeelding nogal aangegryp het, is die verhaal van Susanna Smit, die vrou van die Voortrekker-predikant Eerwaarde Erasmus Smit. Sy het kort ná die Britse besetting van Natal - na die Groot Trek - die Engelse bevelvoerder, wat besig was om proklamasies van die nuwe Britse besetters af te kondig, trompop geloop met die woorde: "Ons trek liewer kaalvoet oor die Drakensberge as om weer onder Britse bewind te staan". Vir die Engelse maghebbers van haar tyd was haar optrede totaal onaanvaarbaar en tekenend van die "onbeskaafdheid" van die Afrikaners van daardie tyd. Haar woorde het egter in later jare vir Afrikaners 'n bron van inspirasie geword as simbool van die deursettingsvermoë en moed wat met die Groot Trek gepaard gegaan het.

Dat vroue in die geskiedenis wel 'n openbare politieke rol gehad het om te speel, is seker. Soos hierbo aangetoon, bestaan daar wel voorbeelde uit die Skrif waar goedkeurend verwys word na vroue in 'n politieke rol. Vir 'n gelowige vrou wat 'n roeping het om in die politiek te vervul, is daar dus verseker 'n rol om te speel.

...EN VRIENDELIKE ONDERRIGTING IS OP HAAR TONG (Spreuke 31:26b)

Henria Stolper

TEMA: FEMINISME

"Kom, Liefie, Mammie moet vanoggend weer gaan werk, die rustyd is verby en jy gaan vandag by 'n splinternuwe tannie kuier. Ek weet jy gaan dit sommer baie geniet, want daar is baie maatjies en tannie Saartjie sal baie mooi na jou kyk."

Die drie maande oue baba kyk haar mamma onbegrypend aan. Sy verkyk haar aan die geliefde, bekende gesig. By Mamma voel sy veilig en gelukkig.

Hesti pak alles in wat vir baba nodig is. Sy sluit die dik, soliede eikehoutdeur, grendel die veiligheidshekke en aktiveer die alarm. Sy glimlag toe sy sien dat Johan reeds die BMW vir haar buite die motorhuis geparkeer het.

Haar nuwe selfoon lui. Sy kyk vererg na die skermpie en wonder wie haar so vroeg sal bel.

"Ek wil vir jou vra om hierdie week asseblief een aand vir oom Casper kos te maak. Hy het gister tuis gekom na die groot operasie en ons wil hom graag bystaan. Jy weet, die oom het geen familie nie en dis net die kerk wat na hom omsien."

Weet die vrou dan nie dat sy van vandag af weer moet werk nie? Besef sy nie hoe vol haar lewe is noudat al die eise wat 'n beroepslewe stel, weer op haar afkom nie?

"Ek is jammer, maar ek werk weer en my aande is reeds vol beplan en ek..."

Terwyl sy bewaarskool toe ry, dink Hesti by haarself: "Die oom kan tog seker vir homself iets by een of ander restaurant gaan bestel; hulle sal dit selfs vir hom tuis aflewer. Buitendien is daar genoeg ander vrouens van die kerk wat tog net heeldag tuis sit; hulle kan maar vir die oom gaan sorg."

Bostaande is 'n duidelike illustrasie van die situasie waarin baie mense rondom ons vasgevang is. Ons lewe vandag in 'n tyd waar geldmaak, loopbaan beoefen, individualisme, ontwikkeling van volle potensiaal, bevryding van die vrou uit die tradisionele rol, ensovoorts, aan die orde van die dag is. Daar word neerhalend na huisvrouens verwys en die indruk word gewek dat 'n vrou slegs gelukkig kan wees wanneer sy buite die huis werksaam is.

Die kinders is die slagoffers. Ouers vergoed vir die gebrek aan tyd en liefde met onder andere geld, duur selfone en persoonlike rekenaars. Die kind het alles wat sy oog begeer, maar sy hart is honger en leeg. Waarmee kan hy hierdie leegte vul? Is dit nie die groot rede

vir die toename in seks, dwelm- en drankmisbruik onder kinders nie?

Ons huidige samelewing fokus op die **emansipasie van die vrou**. Vrouens moet poste beklee wat voorheen slegs vir mans gereserveer was. Vrouens moet 'n loopbaan beoefen sodat hulle hul volle menswees kan ontdek. Hulle moet lang ure werk en baie verantwoordelikheid in die samelewing dra.

Die New Age-gedagte dat die vroulike die planeet aarde se toekoms moet red, word deur die stand van die sterre bepaal. Die tydperk van die visse (0-2000 n.C.) is verby en die nuwe era van die waterdraer het aangebreek. Die New Age-ideologie beweer dat die manlike oorheersing van die verlede bewys gelewer het dat dit tot konflik en oorloë lei. Hulle is daarvan oortuig dat vrouens meer in terme van harmonie en samewerking dink en gouer geneig is om kompromieë te sluit om die ideaal van vrede te dien. Vrouens is minder rigied en absoluut in hulle denke. In die verlede is vrouens deur mans onderdruk en die Christelike kerke het daaraan meegewerk. Vrouens van die 21ste eeu moet van albei bevry word en hul bydrae tot die beroeps- en maatskaplike lewe sal 'n beter toekoms waarborg.

Daar is menige vrou wat onder die slawejuk van die nuwe wêreldgees beswyk. Hoe kan 'n vrou 'n stresvolle beroep beoefen en tegelyk moeder wees? Is daar ooit tyd vir rustige omgang met haar Skepper en sy Woord? Waar gaan sy die energie vandaan kry om aan haar huwelik te bou? Heelwat vrouens verkies om geen of dalk net een kind te hê. Ander stel kinders uit, sodat hulle hulself eers in die beroepslewe kan vestig. Wat is die gevolg van dit alles: 'n beter lewe op aarde?
Dank die Here dat Hy vir ons 'n ander perspektief gee! Wat 'n wonderwerk van sy genade dat Hy ons van alle slawerny bevry het en dat ons nie vir die volmaaktheid hoef te arbei nie, maar dit uit genade mag beërwe. Ons hoef nie die gees van materialisme en selfontplooiing na te jaag nie. Ons mag ons gawes in liefdesdiens tot Hom en die naaste aanwend en dan hoef ons nie bekommerd te wees nie. Die Here belowe immers in sy Woord dat Hy soos 'n Vader vir ons sal sorg!

Wat is liefdesdiens aan God en die naaste? Die Bybel laat ons nie in die duister hieroor nie. In Spreuke 31 en in die Nuwe Testament word vrouens tot ampsdiens aangespoor. Vrouens moet soos koninginne, priesteresse en profetesse lewe.

Wat behels die roeping tot profesie? In die gemeente moet die vrou swyg en sy mag nie in die besondere amp dien nie. God het die leeramp in die kerk vir die man gegee. Ook tuis het die man die verantwoordelikheid om toe te sien dat die kinders reg geleer word. Hy moet sy vrou lei. Gesinne is boustene van die kerk en die Here het die man as hoof daaroor aangestel. Dit beteken egter nie dat die vrou 'n minderwaardige wese is nie. Sy is nie onbelangrik in God se koninkryk nie. Sy het wel deeglik 'n profetiese roeping in en buite haar gesin!

Sy het die heerlike voorreg om haar kinders te onderrig oor wie hulle hemelse Vader is. Sy is die meeste van die tyd saam met haar gesin en kan hulle vertel van God se groot dade in die geskiedenis. Sy leer hulle om tot eer van God psalms te sing en in eerbied voor Hom te kniel. Sy onderrig hulle om al hul vertroue op Hom te stel, omdat God ons nooit teleurstel nie.

Deur haar voorbeeld sien die kinders in haar wie God is. Sy is immers deur God aangestel as sy verteenwoordiger. God is liefde en sy wette is heilsaam. Sy lewe volgens God se wette en verlustig haar in sy diens. Haar vreugde is sigbaar en maak die kinders bly. Sy handhaaf liefdevolle dissipline en leer haar kinders, deur woord en daad, wat reg en verkeerd is. Haar eerbied vir God dring deur tot kinderharte en hulle volg dit na.

Wanneer kinders oortree, verduidelik sy vir hulle wat verkeerd is en hoe hulle behoort op te tree. Sy toon aan waarom sy straf uitdeel en doen dit in verantwoordelikheid. Sy besef hoe belangrik die band tussen haar en die kind is en dat sy God se gesag verteenwoordig. Daarom sal haar regstellende optrede altyd met liefde gepaard gaan. Sy sal seker maak dat die verhouding tussen haar en haar kind nie daardeur skade ly nie.

Indien die kind al ouer is, dinge begin bevraagteken en die gesag tart, sal sy geduldig onderrig en selfs vanuit die Skrif met die kind debatteer. Ouer kinders soek na waarheid en is nie meer tevrede met geykte antwoorde nie. Dit is belangrik dat die moeder wys in die Skrifte is. Daardeur kan sy haar tiener leer om alle lewensvraagstukke vanuit die Skrif te benader en te buig onder die Woord van God.

Vrouens se roeping tot vriendelike onderrigting is nie tot hulle huise beperk nie. Ook ongetroude of kinderlose vrouens mag deur onderrig diensbaar wees in God se koninkryk. Wanneer die gesin se omstandighede dit toelaat, kan moeders betrokke wees by onderrig van die kinders van die gemeente. Hulle kan deeltyds by die skool werk, katkisasieklasse aanbied en leiding gee aan jeugverenigings. Vrouens kan jong mense lei deur gesprekke op die kerkplein. Deur bemoeienis te maak met die jeug en in hulle lewe belang te stel, kan sy hulle aanspoor tot goeie keuses. Deur hulle voorbeeld word jonger meisies gehelp met lewensvrae en om die norme van die Skrif in hul lewens toe te pas.
Paulus skryf oor die ouer vrouens wat die jongeres moet leer. Wat bedoel Paulus anders as dat die ouer vrouens die wysheid wat hulle uit

die Woord verkry het, aan die jongeres moet voorhou en uitlewe?

Paulus waarsku vrouens om nie ledig by huise rond te gaan nie, om nie praatsiek en bemoeisiek te wees nie en nie onbehoorlik te praat nie (1Tim. 5:13). Hy moedig vrouens aan om kinders groot te maak en geloofsdade te verrig.

Ons lewe in ‘n tyd waar vrouens baie minder fisieke werk doen. Die meeste huishoudings het ‘n wasmasjien, skottelgoedwasser, stofsuier, ensovoorts. Heelwat vrouens het ‘n bediende wat die oorblywende roetinewerk en swaarder arbeid verrig. Ons mag met vreugde van hierdie voorregte gebruik maak, maar dit mag ons nie ledig maak nie!

Moeders het nou soveel meer tyd om hulle in die Skrif te verdiep. Die Woord van God wek op tot nuwe lewe en dit moet ons met ons gesinne en die gemeente deel. Ons mag ons gawes tot nut en saligheid van ander aanwend. Ons mag vanuit die vreugde wat God gee, lewe.

God se Woord gee duidelike leiding in hierdie slegte wêreld. Ons moet steeds bly soek na dit wat God van ons in sy Woord vra en die valse lokstem van Satan, wat so duidelik in die wêreld klink, teëstaan. Hoe sal ons dit doen? Deur vriendelike onderrig wat sê: Daar staan geskrywe dat...

VROUWEES

TEMA: FEMINISME

Vanuit ‘n sekere hoek bekyk, is dit waarskynlik vreemd om vrouwees te bespreek. Vroue is tog ook mense – waarom sal alles wat oor manne gesê word, nie op dieselfde wyse op vroue toegepas word nie? Waarom al die bohaai oor vroulike dinge? Vroue het wel hulle eie anatomiese weergawe, maar as die biologiese verskille tussen die geslagte ‘n debat regverdig, moet voorsorg getref word dat dit nie oorbeklemtoon word nie. Alhoewel man en vrou ‘n paar fisiologiese uiteenlopende verskille het, is hulle basies gelyk. Hulle is in staat om dieselfde prestasies en hoogtes te bereik as omstandighede dieselfde is. Daar is geen rede om vrouwees te bespreek nie. Dit is inderdaad gevaarlik om dit te doen. Dit mag die indruk skep dat vroue nie in dieselfde kategorie as mans val nie en dit is ‘n afstootlike gedagte.

As ons, met reg, erken dat hierdie tipe gesprek oor gelykheid mag lei tot ‘n verdraaiing van die geskape orde, kan ‘n gesprek oor vrouwees nog steeds as vreemd beskou word. Omdat man en vrou as een geskape is, kan vroue slegs verstaan word in samehang met mans. Die funksionering van man en vrou is van so ‘n aard dat hulle nie sonder mekaar nie hul optimum kan bereik nie. Vrouwees komplimenteer manlikheid. Die vrou bied aan die man insigte en moontlikhede wat hy nie op sy eie kan bereik nie. ‘n Vrou kan daarom slegs ten volle verstaan en waardeer word as sy in verhouding met die man geplaas word. Dit is nie wys om vrouwees op eie meriete te bespreek nie, want dit kan die idee skep dat vroue onafhanklik funksioneer.

Dit mag egter tog die moeite werd wees om ‘n kykie op vrouwees te kry. Soms kan dit baie help om ‘n sekere aspek te ondersoek. In ons gereformeerde kringe word vrouwees ook nie altyd duidelik verstaan nie. Dit is waar dat baie mans en vroue met selfvertroue en gemak in hul huwelike, families, gemeentes en samelewing funksioneer. Hierdie positiewe waarneming vergoed egter nie vir die feit dat vrouwees in baie gevalle nie behoorlik na waarde geskat word nie. Daar is gevalle waar vroue gedwing word in ‘n rol waarvoor hulle nie geskik is nie. Dit mag daarom van hulp wees om oor ‘n paar vroulike sake van nader te beskou. Terwyl die term “vrouwees” nie maklik omskryfbaar is nie en omhul is in geheimsinnigheid, mag ‘n nadere ondersoek miskien help om beide mans en vroue te laat sien hoe mooi dit in werklikheid is.

Dit sal onrealisties wees om vrouwees onafhanklik van die manlike geslag te oorweeg. Alleenstaaande vroue verkry ook hul identiteit uit die feit dat hulle vroulik is. Hulle is nie in die eerste plek onderwysers, verpleegters of verkoopsbestuurders nie. Hulle is vrouens, met hul sjarme, hul liefde, hul intuïsie. Soos ons vrouwees belig, sal ons ook kyk na die wyse waarop mans en vrouens mekaar aantrek, komplementeer, stimuleer, interesseer en geestelik opbou.

Ongelukkig gebeur dit nie altyd dat mans en vrouens mekaar opbou nie. Dikwels is daar botsings. Vrouwees word aangeval in ‘n stryd waar daar

geen oorwinnaars is nie. Wapens werk nie behoorlik nie en aanvalle vind van buite en van binne plaas. As die verhouding tussen mans en vroue ontspoor, ly almal.

Die eerste lokval vang vroue en verander hulle in instrumente wat dien. Vroue word gebruik. Hulle vra geen verduideliking en stel geen eise nie. Dit is nie net mans in Moslemlande en onderontwikkelde lande wat hulle vroue misbruik nie. Dit kan orals gebeur, ook in die kerk. Die man het 'n verkeerde begrip van sy posisie as hoof en verander dit in 'n posisie van mag. Die vrou onderdruk die gevoel dat sy gebruik word en oortuig haarself dat hierdie vorm van diens deur die Here van haar gevra word. Dit is ironies dat mans wat verwag om bedien te word, blind is vir die werklike skoonheid van hul vrouens. Deur hul selfsugtigheid kan hulle nie geniet van die verfrissende drank uit die bron van heilsame vrouwees nie. 'n Vrou wat haarself vereenselwig het met 'n lewe van diens, sal opdroog en tekens van verdrukking toon. Sy sal waarskynlik haar inherente sjarme, haar natuurlike dryfkrag en haar spontaniteit verloor.

Die tweede lokval lyk met die eerste oogopslag nie nadelig nie. Dit mag in die begin selfs deur vroue as 'n goeie ding beskou word. Hierdie lokval het 'n verraderlike houvas op die vrou en verswak haar deur 'n oormaat aandag. Vroue word verafgod. In plaas van om 'n bydrae te lewer, begin sy eise stel. In plaas van komplementering, neem sy aan dat sy die hele prentjie is. In plaas van om haar talente saam met ander te gebruik, beraam sy planne om ander onderdanig te hou. Hierdie situasies word dikwels aangedryf deur mans wat bang is. Daar is mans in die kerk wat bang is om in die openbaar van hul vroue te verskil en wat ook nooit een van haar versoeke sal weier nie. Omdat hulle bang is vir verwerping, probeer hulle om die vrou se guns met opofferings te koop. 'n Man in hierdie situasie mag miskien verbaas word deur die vrou se reaksie as hy sy hoofskap op 'n godvresende wyse sou laat geld. As die godvresende vrou besef dat haar man respek waardig is, sal sy op 'n sekere stadium die gloed van hernude toewyding begin uitstraal.

Die dreiging van misbruik of verafgoding het baie vroue al verwar oor die aard van hul vrouwees. 'n Vrou wat in 'n situasie verkeer waar 'n mate van misbruik mag voorkom, mag onseker wees in watter mate sy uitdrukking kan gee aan haar smaak, haar opinies, haar spontaniteit. Daarteenoor mag 'n vrou wat dominant geraak het, nie weet hoe om te reageer op uitroepe om haar medelye nie. Hierdie verwarring spoel oor na die jonger geslag vroue. Dit kan veroorsaak dat 'n jong vrou groot onsekerheid oor haarself het gedurende die "uitgaan"-proses en dit kan lei tot 'n oorbeklemtoning van die fisiese kant van die verhouding. As die gees in vertwyfeling is, gebruik die liggaam sy kragtige drifte om 'n gevoel van tevredenheid te skep. Aan die ander kant van die prentjie sien ons 'n jong vrou wat reken dat geen man goed genoeg vir haar is nie. Vroue in dié groep soek na 'n man wat hulle status sal versterk. Hul jaagtog na die beste dinge is gedoem tot mislukking. Omdat hulle nooit leer om 'n bydrae te lewer of om geestelik op te bou nie, raak hulle steeds meer krities oor mans. Selfs al sou hulle trou, gaan hulle dikwels nog onbewustelik voort met hul soektog na die perfekte lewensmaat.

En so ontbloot ons twee verdere lokvalle, wat versteek is in die vrou se eie hart. Terwyl sommiges dit ook wil toeskryf aan die manipulerende kragte van die man, moet en kan 'n vrou self bepaal hoe sy gaan reageer op die manier waarop sy behandel word. Om hierdie lokvalle by name te noem: dit is die valkuil van vroulike onsekerheid en die landmyn van vroulike meerderwaardigheid.
As die vrou vasgevang is, raak die man ook beseer. Herstel word gevind in die terugkeer na die geskape orde. Die man se vreugde sal terugkeer soos in die dae toe hy gesing het: "Dit is been van my gebeente en vlees van my vlees". En die vrou sal weer juig as sy na haar man gebring word. Alhoewel ons in 'n gevalle wêreld leef, rus die Here die vrou nog steeds toe met aantreklike sjarme.

Die heilsame vrou straal 'n raaiselagtige mengsel van selfvertroue en weerloosheid uit. Sy is seker van haarself, maar sy is nie aanmatigend nie. Haar selfvertroue is sterk en sy kan onderskei watter kritiek op haar geregverdig is of wat 'n aanval op haar persoonlik is. In die sterkte van haar selfvertroue kan sy die man raad gee, terwyl sy nie te na gekom voel as hy uiteindelik tot 'n ander gevolgtrekking kom nie. Aan die ander kant, as haar man nie in staat is om te doen wat van hom verwag word nie, kan sy haar uitvoerende vaardighede op 'n bekwame wyse met selfvertroue en vreugde uitoefen.

Gekoppel aan haar kwesbare selfvertroue, is 'n vrou se beslistheid. Sy weet wanneer om te praat en wat om te sê. Sy weet wanneer om op te tree en wat om te doen. Hierdie vermoë word nie net gebruik in haar

onmiddellike familiekring nie, maar ook in die gemeente. Vroue vorm dikwels die hart van ‘n gemeente. Hulle weet wie ekstra versorging nodig het en hulle maak seker dat dit beskikbaar is.

Terug by die gesin, ‘n vrou weet dikwels wanneer om ‘n onderwerp te verander as die gesprek in herhaling verval of pynlik raak. Dit is hierdie beslistheid waarop mans terugval as hulle moedeloos of verslae voel. Dit maak die vrou des te meer geskik om die skepping te regeer as die man se assistent.

Die hoogtepunt van vrouwees lê in haar vermoë om onlogies te dink. Alhoewel dié eienskap dikwels gebruik word om te wys op die vrou se oneffektiwiteit en minderwaardigheid, is dit haar grootste gawe. Dit word dikwels intuïsie genoem. Dit is haar vermoë om tot ‘n gevolgtrekking te kom sonder om al die logiese stappe te volg. Vir ‘n vrou is so iets nie ongewoon nie. Dit het te doen met haar vermoë om waar te neem, te onthou en te kombineer. ‘n Vrou sal met selfvertroue logiese argumente opsy skuif en die saak vanuit ‘n emosionele perspektief voorlê. Sy sal dikwels haar man daarvan bewus maak dat, alhoewel hy gedink het dat hy die verstandige ding gedoen het, hy eintlik net sy gevoelens regverdig het met verskonings wat op die oog af logies vertoon het. Dit moet gestel word dat vroue die vermoë ook buite die huwelik gebruik, alhoewel die interaksie tussen mans en vroue in ons gereformeerde gemeentes ietwat beperk is.

Tog gebeur dit dat ‘n terloopse, prikkelende opmerking van ‘n vrou aan ‘n man aan hom ‘n onverwagte perspektief verskaf. “Piet, wat vreet aan jou vandag?” Hy het self nog nie besef dat hy wel ‘n wrok teen iemand gekoester het nie.

Vrouwees word pragtig as dit gelowig uitgedra word deur ‘n vrou wat die Here liefhet. Dit is nie ‘n maklike taak te midde van so baie lokvalle nie. Geen vrou is in staat om in eie sterkte haar volle potensiaal uit te lewe nie. As bemoediging het die Here spesiale rigsnoere aan die vrou verskaf. Dit is nie nodig dat sy haarself oormatig versier nie. Hulle moet seker maak dat hul kommer nie verander in inmenging nie. Bowenal moet hulle besig wees met hul taak – om godvresende eggenotes en moeders te wees. Hierdie rigsnoere is nie bedoel om beperkend te wees nie, maar dit bemoedig die Christelike vroue om hul plek en roeping met selfvertroue te vul.

In Sy groot wysheid het die Here die mens as man en vrou geskape. Die man het die leierskaprol ontvang. Dit was die vrou se voorreg om die man in te lig en aan te vul. Vir hierdie eerbare taak is sy goed toegerus: fisies, emosioneel en geestelik. Vandag, soos nog nooit te vore nie, word die plek van die vrou ondermyn. Tog kan die Christelike vrou nog altyd selfversekerd en bly wees. Hulle het ‘n taak vol uitdagings, maar hulle kan dit doen. Met die hulp van die Here sal hul innerlike sterkte en fisiese stamina voortdurende ‘n bron van ondersteuning en verblyding wees vir mans, nie net vir hul eggenote nie, maar vir al die broeders in die geloof.

‘n Vertaling uit *Reformed Perspective (Volume 21 van 12 Oktober 2002)*, geskryf deur Jane deGlint. Epos: subscribe@reformedperspective.ca

---

‘NEMO’ IN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS

- Homo- en heteroseksueles het mekaar nodig -

Ds Erik van Alten

ELDERS GELEES

In die vorige uitgawe van *Kompas* het ons gekyk na ‘n artikel uit die tydskrif *CV Koers* oor hoe man en vrou mekaar in die huwelik aanvul. Maar wat maak jy as jy nie ‘n man of vrou vind nie? Meer nog: wat maak jy wanneer jy nie verlief raak op iemand van die teenoorgestelde geslag nie, maar op iemand van dieselfde geslag? In dieselfde uitgawe van *CV Koers* verskyn daar ‘n artikel van Wolter Rose wat juis hierdie saak aanspreek. Ek haal enkele gedeeltes daaruit aan.

As ons daarvan oortuig is dat die God wat die mens geskape het, die seksuele gemeenskap bestem het vir ‘n lewenslange een-tot-een verhou-

ding van 'n man en 'n vrou – wat kan die Christelike gemeente dan bied aan mense wat hulself oorwegend of uitsluitlik seksueel aangetrokke voel tot mense van dieselfde geslag, mense wat besef dat dit vir hulle nie 'n reële moontlikheid is om so 'n eksklusiewe man-vrou-verhouding aan te gaan nie, en wat God se bedoeling met die menslike seksualiteit wil respekteer?

'Finding Nemo'

Laat ons, ter wille van eenvoud, iemand met homoseksuele gevoelens en verlangens wat uit oortuiging kies om selibaat te bly, 'n nemo *noem, na aanleiding van die dapper vissie uit die bekende animasiefilm. 'n Nemo het daarvoor gekies om, in wat hy dink en doen, nie aan sy homoseksuele gevoelens en verlangens toe te gee nie – dit is in elk geval sy voorneme en strewe. Dit kan gebeur dat hy struikel, een keer, of miskien selfs meerdere kere. Maar dit gaan dan lynreg teen sy diepste oortuiging in. 'Nemo' is 'n Latynse woord wat 'niemand' beteken. 'n Christelike nemo het nie so 'n groot probleem daarmee nie. Inderdaad, as nemo weet jy dat jy in die westerse kultuur aan die begin van die 21ste eeu nie baie waardering moet verwag nie, en in daardie sin is jy ook 'n* niemand. *Wat egter vir 'n Christelike nemo belangriker is, is die Evangelie, waarin vertel word dat die Seun van God – Iemand met 'n hoofletter – Homself niemand laat maak het, sodat* elke *mens wat weet dat hy voor God 'n niemand is, weer iemand kan word.*



Wat kan die Christelike gemeente aan 'n nemo bied? Ek is van mening dat die Christelike gemeente baie aan 'n nemo kan bied, maar dan moet sy aan die werk spring om dit sigbaar aan te bied. Hoe kan die Christelike gemeente die nemo's in haar midde liefhê en dien – en ook andersom: hoe kan 'n nemo die Christelike gemeente liefhê en dien? Ek kan nie méér doen nie as om 'n skets van 'n antwoord te gee, en dié skets bestaan uit twee dele: deur mekaar te help om Christus raak te sien, en deur saam die liggaam van Christus te wees.

Rose werk hierdie twee dele vervolgens uit. Onder die eerste deel, naamlik om mekaar te help om Christus raak te sien, sê hy onder andere die volgende:

Mekaar help om Christus raak te sien: die lewe van Christus

Dit was 'n groot skok: Petrus het net tevore gesê wie Jesus was – nie slegs 'n profeet nie, maar die Messias – en dan begin Jesus praat oor die lyding wat op Hom wag. 'n Patroon word sigbaar in die lewe van hierdie Messias/Christus: lyding en heerlikheid.

Ons sal onsself nooit kan voorstel hoe swaar die lyding *van Christus was nie: die las wat Hy moes dra, was nie slegs die toorn van God oor die skuld van één mens nie, maar die skuld van baie mense opmekaar gestapel. Hy het nie daarvoor weggehardloop nie, Hy het nie daaronder beswyk nie.*

Wat was sy geheim? Hy het geweet dat die lyding nie die einde van die verhaal was nie. Uitsig op die heerlikheid wat Hy sou ontvang, het Hom in staat gestel om vol te hou: "... wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het" (Hebr. 12:2).

Onmiddellik nadat Christus die eerste keer vertel het dat Hy sou ly, het Hy ook laat weet dat sy volgelinge dieselfde kon verwag. Christus was altyd baie openlik daaroor. Om by Hom aan te sluit, beteken om 'n kruis op jou skouers te neem en na die plek van jou teregstelling te loop.

Daar is oomblikke wanneer jy as nemo jou homofiele gevoelens en verlangens werklik so ervaar: as 'n kruis. Soms verstaan jy jouself nie, soms verstaan ander jou nie, soms kom die eensaamheid, die gemis, en die verdriet in alle krag op jou af. Was dit 'n goeie idee om myself by Christus aan te sluit? Hierdie vraag kan jy slegs positief beantwoord wanneer jy ten volle vertrou dat Hy alles goed sal laat uitdraai. Die patroon in Christus se lewe – lyding en heerlikheid – is die waarborg dat die lyding in die Christen se lewe nie die einde van die verhaal is nie.

Einde goed, alles goed – nie as 'n dooddoener om jou kop in die sand te steek nie, maar juis om jou te help om kop bo water te hou. Die dag kom waarop God ook vir jou sal sê: "Gaan in in die vreugde van jou heer" (Matt. 25:21-23).
En hierdie vreugde is nie iets vir later nie, dit begin nou al. Aan Christene wat die lyding eerstehands ondervind het, skryf die apostel Petrus: "... vir wie [= Christus] julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap, en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry" (1 Petrus 1:8-9).
Lyding en vreugde in Christus blyk soms baie naby aan mekaar te lê.

Miskien kan u die gewig van die homofiele persoon se kruis voel… Maar watter ongelooflike uitkoms bied die Evangelie dan! Vandag lyding (as gevolg van die verleiding), maar ook vandag alreeds die heerlikheid wat eendag volmaak sal wees. Hierdie uitsig is geanker in die patroon van Christus se lewe: van lyding tot heerlikheid! Kom dit ook uit in ons gemeentelike lewe? Weerspieël ons dade, gedagtes en

woorde teenoor homofiele persone dit ook? Hieroor sê Rose die volgende:

(Geen) tweederangse burgers?!

Helaas is daar ook nemo's wat ander ervarings met die Christelike gemeente het. Hulle kry die gevoel dat hulle buite die belewingshorison van die meeste mede-gemeentelede val, slegs al vanweë die feit dat hulle nie getroud is nie. En hoe sou die gemeentelede reageer as hulle te wete kom van jou homoseksuele gevoelens en verlangens? Hulle sien hoe mense hartlik en gasvry met mekaar omgaan, maar ook al probeer hulle, hulle slaag nie daarin om deel daarvan te word nie.

Sonder dat mense dit opsetlik doen, kan ongetroudes (en verseker nemo's) op dié manier geïsoleer word, en moet hulle die gevolgtrekking maak dat daar blykbaar tweederangse burgers in die Koninkryk van God is. En sonder die steun van 'n gemeenskap om hulle heen, moet hulle hul bes doen om op hulle eie die verleidings van hul lyf af te hou. Dit is nie hoe God dit bedoel het nie. In die Koninkryk van God is daar nie tweederangse burgers nie. Ons is die liggaam van Christus.

Ons het mekaar nodig

Daar het in die afgelope veertig jaar in die westerse samelewing baie verskuiwings plaasgevind op die gebied van die menslike seksualiteit. Homoseksualiteit is (slegs) 'n deelterrein daarvan. Dit lyk asof Christene slegs ten dele daarin slaag om 'n eie koers aan te dui. Daar is baie verleentheid en verwarring, en dit is 'n probleem vir almal van ons, ongeag van watter aard ons seksuele gevoelens en verlangens mag wees. Ons het mekaar nodig, om skouer aan skouer te staan en regop te bly. Ek het die vermoede dat daar 'n verband bestaan tussen vrymoedigheid en oortuigingskrag in die prediking van die Evangelie van Christus, én vrymoedigheid en oortuigingskrag in die prediking van die gebooie van God se Koninkryk.

Ons het mekaar nodig – om te leer om die Evangelie deur te gee aan 'n volgende generasie binne die gemeente en aan so baie mense buite die gemeente; om te leer om Christus raak te sien en uit genade te lewe; om, geleer deur Christus, werk te maak van die norme en waardes van die Koninkryk van God.

Laat ons God bid en vra om ons inspanning te seën, sodat in steeds meer plekke die gemeente van Christus met haar unieke Evangelie en haar stroom-op moraal aantrekkingskrag sal hê, sout sal wees wat die verrottingsproses sal teenstaan, en lig wat die duisternis sal verdryf.

Hierdie artikel bring twee baie belangrike aspekte na vore wanneer dit gaan oor ons houding teenoor homofiele gelowiges: 1. daar moet duidelikheid wees oor die norme en waardes van God se Koninkryk, en 2. daar moet Christelike bewoënheid wees oor die stryd wat hierdie mense voer. Hierdie twee staan nie teenoor mekaar nie; nee, *in Christus* is hulle onlosmaaklik verbonde.

VERSLAG AD HOC SINODE

Ds Kees Kleijn

KERKNUUS

Teologiese Opleiding

Op 11 November 2006 was daar in Kaapstad 'n spesiale sinode van die VGKSA om die teologiese opleiding te bespreek. In hierdie artikel sal ek probeer om die belangrikste besluite van hierdie sinode weer te gee en toe te lig.

Agtergrond

Om die huidige ontwikkelinge met betrekking tot die teologiese opleiding te verstaan, moet 'n mens terug na die besluite van die sinode van 2005. Daardie sinode het te doen gehad met die werklikheid dat die Teologiese Skool (TS), soos dit sedert 1997 bestaan het, feitlik opgehou het om te bestaan. Die TS was gestruktureer rondom 'n senaat wat voorstelle kon maak en kon konsulteer met die kuratore. Met die vertrek van ds JR Visser na Nederland en met die onttrekking van ds E Viljoen uit die senaat het die senaat in werklikheid verdwyn. Hierdie werklikheid het die sinode gedwing om te kyk na 'n ander struktuur vir die opleiding van ons studente.

Die sinode van 2005 het uitgegaan van die roeping van die kerke om die verantwoordelikheid te aanvaar vir die opleiding van teologiese studente en het verklaar dat daar verkieslik een teologiese opleiding moet wees vir studente uit alle

gemeentes. Soos bekend, was die TS aanvanklik net vir ons blanke studente. Later het die Kleurling-studente uit Belhar ook onder haar vlerke gekom met 'n aangepaste opleiding. Die TS het nie die opleiding vir die Sotho-sprekende studente behartig nie, behalwe dat die dosente van die TS betrokke was by die aanvullende opleiding wat daardie studente na die behaling van hul graad aan die Mukhanyo Theological College (MTC) moes ontvang (die sogenaamde MTC-Plus-program).

Om een teologiese opleiding vir alle studente daar te stel, sou 'n besonder groot onderneming wees, baie groter as die TS. Vanweë ons beperkte middele en geleenthede het die sinode geoordeel dat die doel op die kort termyn nie haalbaar is nie. Daarom is besluit om te werk na 'n nuwe struktuur, soos byvoorbeeld 'n teologiese opleidingsinstituut met 'n voltydse direkteur onder die verantwoordelikheid van 'n raad wat deur die sinode aangestel word. So 'n opleidingsinstituut kan die eerste stap wees na die vestiging van 'n goed gestruktureerde eie teologiese opleiding. So 'n instituut sou die opleiding van alle studente kon koördineer, beplan (waar moontlik via ander organisasies en persone), monitor en aanvul.

Op 'n voortgesette sitting van daardie sinode in Maart 2006 het deputate 'n raamwerk vir die teologiese instituut aangebied plus 'n profielskets vir die direkteur. Helaas kon die deputate nie daarin slaag om 'n persoon aan te beveel as 'n moontlike kandidaat vir die aanstelling as direkteur nie.

Op aanbeveling van die deputate het die sinode twee plaaslike koördineerders aangestel, ds PG Boon vir die Tshwane-omgewing en ds JA Breytenbach vir die Wes-Kaap. Met betrekking tot die totstandkoming van die teologiese instituut is daar afgeskop met 'n eerste fase waar deputate teologiese opleiding met die twee regionale koördineerders en ander deelnemers soos die IRTT die volgende onderneem het:

1. Om 'n profiel op te stel van 'n predikant wat sy teologiese opleiding voltooi het. Dit sluit sy kennis maar ook sy gesindheid jeens die gereformeerde leer in; hoe hy preke maak; hoe hy as leraar of sendeling sal funksioneer in die SA konteks;
2. Om vanuit die profiel die kursusdoelwitte op te trek;
3. Om die huidige opleidingsituasie te ontleed en in die lig daarvan 'n stapsgewyse plan op te trek wat kan lei tot die implementering van die instituut;
4. Om die pligte en funksies van allerlei toekomstige rolspelers uit te werk.

Profiel van 'n predikant

Deputate het die profiel wat die Teologiese Universiteit van Kampen opgestel het, vertaal en aangepas by die Suid Afrikaanse omstandighede. Die profiel gaan uit van die **taak** wat die predikant uiteindelik moet kan doen soos dit ooreenkomstig die Skrif in art 16 van die Kerkorde en in die formuliere vir bevestiging van predikante en sendelinge verwoord word. Die verskillende aspekte/dimensies van die persoon van die predikant is vervolgens uitgewerk en toegepas op die verskillende taakterreine van die predikant om te kom tot 'n duidelike profiel van die predikant. Laat ek twee voorbeelde noem. Onder die dimensie "Oortuigings" word genoem: "Hy het God se Woord lief en staan van harte agter die Gereformeerde leer; Hy is positief en lojaal ten opsigte van die kerkgemeenskap en die Gereformeerde tradisie en het 'n helder sig op die amp." Onder die dimensie "Deskundigheid" word onder andere genoem: "Hy kan die Bybelse boodskap oortuigend, deskundig en passend vir die eie tyd uitdra en op 'n goeie manier voorgaan in die eredienste; Hy kan op 'n goeie manier pastoraat beoefen en ander daarin begelei; Hy kan op 'n deskundige manier leiding gee aan die kerklike lewe en die opbou van die gemeente."

Die sinode van 11 November het die voorgestelde profiel aanvaar as die ideale standaarde en doelwitte waarna die kerke moet strewe vir die amp van predikant. Hierdie profiel moet gebruik word wanneer opleidings-institute en –programme, sowel as aspirant-studente en aspirant-predikante, geëvalueer word.

Kursusdoelwitte

Gebaseer op die profiel van die predikant het die deputate aangegee watter vakke elke teologiese student in die VGKSA tenminste sal moet voltooi. Vir elke vak word duidelike doelwitte gestel en 'n gewig toegeken in die vorm van 'n persentasie van die hele teologiese opleiding. By elke vak is daar 'n koppeling met kompetensies. Laat ek een voorbeeld noem.

By die vak Nuwe Testamentiese (NT) Eksegese word die volgende doelwitte gestel: "'n Studie van die beginsels en praktyk van die interpretasie van die NT, om die student toe te rus vir sy taak om te kan eksegetiseer op 'n historiese en hermeneutiese verantwoordelike manier. Eksegese van geselekteerde gedeeltes van die Evangelies, Briewe en Openbaring, met spesiale aandag vir die teks, vertaling en boodskap, deur onafhanklik die grondteks, grammatika, woordeboeke en kommentare te gebruik en die kennis verkry uit ander NT vakke te inkorporeer. Aandag te gee aan verwante vakke met betrekking tot die NT tekste." Die omvang van die vak word op 7% gestel. By die koppeling aan kompetensie word vermeld: "NT eksegese is onontbeerlik tydens die preekmaak-proses (verkondiging). Vir onderrig en sendingtake word dit ook sterk aanbeveel, wat die prediker in staat stel om verantwoordelik en grondig die NT teks te kan gebruik."

Die sinode het besluit om die voorgestelde vakke te aanvaar tesame met hul doelwitte as die minimum wat 'n teologiese student moet behaal binne die VGKSA, sodat hy die vereiste bekwaamhede kan besit om toegelaat te kan word tot die bediening. Die sinode het ook 'n matriks wat die deputate opgestel het om die gewig van elke vak in verhouding met die kompetensies in die predikant se profiel aan te dui, aanvaar. Die sinode het tewens besluit om die genoemde vakke verpligtend te stel vir toegang tot die bediening binne die VGKSA.

Ontleding van die huidige opleidingsituasie

Deputate het 'n ontleding gegee van die teologiese opleiding van ons twee Kleurling-studente in Belhar en van die opleiding wat ons Sothosprekende studente aan die MTC ontvang. Die verlies aan dosente van die kerke en die sluiting van die TS in 2005 het die opleiding in die Kaap wel baie moeilik gemaak, maar die toewyding en insette van veral dr JA Breytenbach het daarvoor gesorg dat die opleiding kon voortgaan en dat die studente hopelik in die komende jaar hulle studies op 'n B.Th.-vlak kan voltooi. Daarby is gebruik gemaak van dosente uit die kerke sowel as dosente buite ons kerkverband en die George Whitefield College. Die sinode het besluit om sy dank uit te spreek vir die uitstekende werk wat dr Breytenbach onder moeilike omstandighede verrig het met betrekking tot die voortsetting van die opleiding aan die teologiese studente in Belhar nadat die TS gesluit is. Die sinode het ook besluit om voort te gaan met die opleiding in Belhar soos beplan vir 2006/2007.

Wat die opleiding aan die MTC betref, het reeds vier studente van die VGKSA hulle teologiese opleiding daar suksesvol voltooi, naamlik ds Tebogo Mogale, ds Piet Magagula, ds Jerry Mhlanga en br George Mnisi. Tans studeer vier studente van die VGKSA by MTC, naamlik br Thabo Matlaela (4de jaar), br Sam Mathlokoane (4de jaar), br Phinias Kgatle (3de jaar) en br John Mahlangu (1ste jaar). Hoewel die MTC-opleiding waardeer word, bly dit 'n interdenominatiewe instelling. Dit maak dit noodsaaklik dat 'n MTC-Plus-program vir die VGKSA-studente aangebied word. Die MTC sukkel ook met 'n strukturele finansiële tekort. Die sinode het besluit om die MTC te bly gebruik waar toepaslik, in oorleg met die regionale koördineerders. Tewens is besluit om die MTC te ondersteun, sowel finansieel as met mannekrag en deur verteenwoordiging op die Beheerraad, soos die deputate teologiese opleiding, in oorleg met sendende kerke en sendingsdeputate. Dit mag egter nie gaan ten koste van die plant en opbou van die kerke nie.

Teologiese Opleidingsinstituut (TOI)

Die teologiese opleiding van studente uit die sending is tans 'n dringende aangeleentheid. Die opleiding in die Kaap moet afgerond word en die MTC-Plus-program moet in die Noorde daargestel word vir enkele studente wat by MTC klaargemaak het of binnekort klaarmaak. Trouens, die MTC-Plus-program moet hom nie uitsluitend rig op studente wat reeds hul studies by die MTC voltooi het nie. Dit behoort ook iets aan studente te bied tydens hul studies aan MTC. Dit sou nie reg wees om dit heeltemal aan die sendelinge oor te laat nie.

Die sinode het daarom besluit om die deputate die opdrag te gee om tot die volgende sinode 'n voltydse nasionale koördineerder te benoem om voort te gaan met die nodige teologiese opleiding in lyn met die proses in die rigting van 'n nuwe opleidingstruktuur. Hierdie benoeming van die nasionale koördineerder sal op die basis van sekondering deur die sending of deur die betrokke kerkraad gedoen word. Daarmee word bedoel dat die nasionale koördineerder sy bestaande verbintenis met sy kerkraad behou en dat hy deur sy kerkraad uitgeleen word vir die nuwe taak. Die nasionale en regionale koördineerders sal direk aan die deputate kuratore rapporteer oor alle sake wat met hul verantwoordelikhede verband hou.

Die sinode het ook besluit om deputate kuratore die opdrag te gee om stappe te doen in die rigting van die implementering van die nuwe opleidingstruktuur, inklusief die opdrag van die vorige sinode om die pligte en funksies van die verskillende rolspelers uit te werk, sodat dit deur die volgende sinode finaal goedgekeur of dalk gewysig kan word. Deputate sal dit doen in konsultasie met die regionale en nasionale koördineerders en met die hulp van 'n administratiewe persoon wat hulle mag aanstel. Hierdie nuwe struktuur moet die behoeftes van studente van alle gemeentes in aanmerking neem.

ONDERHOUD MET DELIA NICHOLSON

Elsbeth van der Linden

ONDERHOUD

Agtergrond

Die sendelinge vervul 'n besondere rol in die uitdra van die evangelie in Suid- Afrika en in die uitbreiding van die Vrye Gereformeerde Kerke. Die sendelinge wat getroud is, doen dit deurgaans met 'n mate van betrokkenheid van die kant van hulle vrouens. Daarom is dit goed om 'n slag te gesels met een van die vroue. Delia se eggenoot, ds Charles Nicholson, is sendeling in Wesbank op die Kaapse Vlakte. Elsbeth van der Linden het met haar gesels.

Vertel 'n bietjie van jou persoonlike agtergrond.

Ek het in Windhoek grootgeword, met drie susters en 'n broer. Ek het op Stellenbosch gaan studeer, 'n BSc-graad met as hoofvak Genetika. Dit was 'n voltydse drie-jarige studie. Daarna het ek ook 'n twee-jarige indiens-Honneursgraad voltooi. Tygerberg Hospitaal het destyds my beurs oorgeneem van die instansie in Namibië.

My ouers het in my tweede jaar ook Kaap toe verhuis en lid geword van die Stellenbosch-Wes NG-gemeente. Dit is dan ook waar ek vir Charles ontmoet het. Ek het al gewerk en het hom die eerste keer tydens 'n biduur opgemerk. Hy was nog besig met sy studies. Ons is in 1985 getroud en die Here het ons geseën met drie pragtige, gesonde kinders. Bianca het nou haar eerste jaar as student agter die rug, Melissa maak einde van die jaar klaar met graad 11 en Jean is nou in graad 8. Kinders is my passie en spesiale belangstelling. Veral kinders wat min het en min geleenthede kry. As ek nie besig is met ons eie gesin of die werk in Wesbank nie, stap ek graag of lees Engelse fiksie (ek het 'n groot liefde vir mediese stories en as dit nog 'n goeie skoot spanning in het, is ek verlore!).

Vertel 'n bietjie oor julle eerste tyd as predikantspaar in Mpumalanga en hoe (indien) dit jul voorberei het vir die werk in Wesbank.

Charles is destyds deur die NG Kerk in Afrika beroep as predikant van 'n bestaande gemeente van 1000+ lidmate in die destydse Oos-Transvaal. Hy moes ook sendingwerk doen onder die Mosambiekse vlugtelinge wat in 'n area naby die Kruger-wildtuin (Lillydale) gehuisves is. Die werk was baie, maar moes veral oor naweke geskied; die meeste lidmate het gedurende die week gewerk. Charles moes werklik die mense begelei in alle praktiese dinge van gemeente-wees, en dit was sekerlik een van die groot vreugdes toe die lidmate self die jaarlikse groot konferensie met sukses gereël het. Die mense het 3 verskillende tale gepraat; ons het maar alles in Engels gedoen, dan kan jy ook nie aanstoot gee nie. Ek self het van 'n tolk gebruik gemaak tydens vergaderings van die sustersvereniging.
Die lewe was soms eensaam, die plek was geïsoleer, en later met die onluste in 1989 was dit by tye ook gevaarlik en definitief spanningsvol!

Die werk daar het ons voorberei vir ons werk in Wesbank, veral om empatie te hê met ander en om die evangelie in eenvoud en liefde oor te dra. Maar die werk en omstandighede hier is eintlik baie anders as wat ons in Mpumalanga gehad het. Hier het ons van niks af begin, hier was nie 'n kerk en leiers nie. Die kulture verskil ook heeltemal en dan is daar die verskil tussen platteland en stad. Die mense hier is ook baie arm; in Mpumalanga het almal 'n stukkie grond gehad sodat hulle darem op 'n manier die pot aan die kook kon hou.

Hoe ervaar jy dit om predikantsvrou te wees; is jou werk en posisie anders as 'n vrou in 'n standaard gesin?

Dit is 'n heerlike voorreg om besig te mag wees in die verkondiging en verbreiding van die evangelie. Alhoewel dit elke gelowige se taak is om die evangelie uit te dra, is ons in die posisie dat mense na ons opsien en na ons kyk vir leiding. Die Here vra gewilligheid en dan sal Hy deur jou werk. Ons as sendelingpaar is

anders as die mense onder wie ons mag werk, maar ons is nie beter nie. Die geloofstryd is vir ons almal dieselfde.
Ek is seker dat ek dieselfde daaglikse dinge doen as enige ander vrou en mamma, maar daar word van Wesbank se kant af baie van 'n mens verwag. Dit maak dit baie belangrik dat ons die vreugde van ons geloof laat straal en ook ons blydskap oor die feit dat ons aan Christus mag behoort.

Vertel hoe 'n tipiese Sondag in jul gesin sal verloop. Wat is jou taak in die formele sendingsopset?

Ons moet Sondagoggende vroeg ry, aangesien een van ons gemeentelede nou in Kalkfontein (Kuilsrivier se kant toe) bly en ons haar gaan haal. Ander hulpbehoewende (ouer) lidmate ry ook meestal saam. Voor die erediens bied ek Sondagskool aan vir die kleiner kinders van die gemeente, terwyl Charles dan die kategese doen.
Baie maal het ons 'n gemeentevergadering na die oggenddiens, aangesien die mense in die week werk en ons nie van hulle wil verwag om dit saans in die donker op die strate te waag nie. Vervoer bly maar 'n probleem.

Dit alles veroorsaak dat ons meestal Sondae nie voor een uur in die middag tuis is nie. Dan eet ons iets ligs, sodat Charles nog 'n bietjie kan ontspan voordat ons om half vyf weer moet ry.
Die ware betekenis van Sondagsviering lê vir ons in die feit dat ons op Sondae in besonder deel mag wees van die werk in God se Koninkryk. En dan weet ons dat, as ons dit in gehoorsaamheid doen, God deur ons werk. Net soos ons is!
Ons kinders woon saam met ons die eredienste by en sal op vrywillige basis betrokke wees by die aktiwiteite.

Ek bied ook die susters se Bybelstudie aan op Saterdae vanaf drie uur. Voor die susters bymekaar kom, werk ek met die "Koningskinders". Die idee is om die kinders van die buurt (wat nie noodwendig lid van die gemeente is nie) ook aan die evangelie bekend te stel. Ons sing saam, luister na 'n Bybelverhaal en dan doen ons een of ander projek wat by die storie pas. Die kinders het meestal net 'n behoefte aan liefde, belangstelling en aanmoediging. Dit breek soms my hart om te dink dat 'n mens nie meer kan doen nie, maar aan die ander kant weet ek dat die evangelie die grootste geskenk is wat jy aan enige kind kan gee. Baie kinders gaan vir hul hoërskooltyd weg platteland toe. Ek bid en vertrou dat die Here die saadjies wat ek mag plant, sal laat ontkiem en laat groei!

As gevolg van die besige Sondag kom julle min in die plaaslike gemeente; vind jy dit 'n gemis?

Nee, dis nie 'n gemis of hinderlik nie. 'n Mens kan nou maar nie op twee plekke gelyk wees nie! Tog het ons die afgelope jare die meeste van Bellville-gemeente se mense leer ken, ek sal by siekes en bejaardes 'n besoek aflê, ons word Sondae baie keer genooi om te kom koffie drink, en ek weet wie ek kan nader as daar dalk 'n spesifieke nood in Wesbank ontstaan.

Jy het 'n professionele opleiding as genetikus. Kan jy, tussen al die ander verpligtinge, jou beroep nog beoefen?

Ek het vanaf 2000 by Tygerberg Hospitaal gewerk met spesiale opdrag om kolonkanker wat geneties oorgedra word, te identifiseer, te diagnoseer en dan die dokters te help in die behandeling van die pasiënte. *KANSA* het hierdie werk gefinansier. Maar die fondse het ongelukkig opgedroog.
Ek help nou 'n psigiater, wat sy doktoraal oor `n oorerflike siekte wil doen, met sy navorsing. Ons kinders is nou groot genoeg en 'n mens kan steeds jou aande gebruik vir die voorbereiding wat die sendingaktiwiteite verg.

Die samewerkende kerke in Nederland stel dit op prys dat die sendeling en sy vrou vir die jaarlikse voorligtingsbesoek Nederland toe kom. Is dit vir jou moontlik om saam met ds Charles te gaan? Hoe het jy dit ervaar?

Ek was die eerste keer toe Charles Nederland toe gegaan het, in 2002, saam met hom. As dit prakties moontlik is, sal 'n mens seker weer kan gaan, maar die afgelope keer (aanvanklik beplan vir September 2005 en uiteindelik Maart 2006) was dit vir my nie moontlik om saam te gaan nie. My gesin se omstandighede

was so dat ek gevoel het ek moet hulle eerste stel.
Tradisioneel het die sendelinge uit Nederland na Suid-Afrika gekom om sendingwerk te doen, dus was die voorligtingsreis sommer ook ‘n geleentheid om “huis toe te gaan”.
Ek glo Charles doen baie goeie werk wanneer hy vir voorligting Nederland toe gaan, hy verstaan die Nederlands en beskik oor die vermoë om ‘n ding eenvoudig te stel sodat die Nederlanders die Afrikaans wat hy praat, maklik kan verstaan. Hy is ook die meer ekstroverte persoonlikheid van ons twee.

Hierdie maand se uitgawe van* Kompas *fokus op feminisme. Is feminisme ’n verskynsel wat jy op die Kaapse Vlakte sal raakloop of is dit ’n eg westerse instelling?

By die mense in Wesbank in die besonder en op die Kaapse Vlakte oor die algemeen gaan dit oor oorlewing. Almal doen wat hulle moet en kan om vanaand weer kos op die tafel te hê. Werkende mammas is egter nie die gevolg van feminisme nie, dit is eenvoudig nie moontlik om tuis te bly nie! Ongelukkig is dit so dat baie van die vrouens, wanneer hulle lid word van ons gemeente, reeds kinders het, maar tog nie getroud is nie. Die grootste meerderheid van ons gemeentelede is vroulik. Die vrouens erken dat hulle God nodig het in hul lewens en wil graag hul kinders naby Hom grootmaak.

Enige slotopmerkings of iets wat jy in die besonder met die Kompaslesers wil deel?

Ek dink dit is uiters belangrik dat ons besef die evangelie is ‘n geskenk wat ons ontvang het en moet deel! Doen dit wat die Here jou opdra in gewilligheid en gehoorsaamheid en dan sal Hy jou seën. Deur ‘n getuie te wees van die liefde van God vir jou en jou mense, maak jy dit moontlik vir ander mense in jou omgewing om in die liefde en genade van God te glo!

DIE MELKWEG HET ‘N STER LAAT VAL

- Plaasverhale byeengebring deur Riana Scheepers en Nicci Thabo

Saamgestel deur Louise Haak

BOEKBESPREKING

In 2005 het die plaas *De Compagnie* in die Bovlei, Wellington, sy 300-jarige bestaan gevier. Om hierdie geleentheid te herdenk het die eienaars, Johann Loubser en Riana Scheepers, in samewerking met Nicci Thabo (pryswenner-skrywer wat op die plaas woon en werk), ‘n kortverhaalwedstryd uitgeskryf vir ‘n ieder en ‘n elk wat iets oor ‘n plaas wou vertel.



“Vertel” was inderdaad die kriterium, want sommige van die name in die inhoudsopgawe is dié van ongeletterde mense. Tog het dit Scheepers en Thabo nie afgeskrik om ander se hartsverhale aan te hoor en neer te pen nie.

Niemand het verwag dat daar so ’n groot belangstelling sou wees nie. Van elke uithoek van ons land het verhale ingekom en selfs uit die buiteland.

Van debuutskrywers tot gesoute skrywers soos PJ Haasbroek, Koos Kombuis, Margaret Bakkes en ander het hul bydrae gemaak.

Die eerste bydrae is die gedig wat aan die boek sy naam gegee het: “Die Melkweg het ‘n ster laat val”.

Die melkweg het ‘n ster laat val
Regoor Lekkeroog se gatdamwal
Waar die skaap al met die trekpad loop
En Pa biltong kerf uit ‘n Bokomo-sloop

Met skrefiesoë soek hy na ‘n wolkie donderweer
Sit peinsend pyp en knipmes langs hom neer

Onder die wit-wit son van Afrika
Kan hy die seisoene in sy groot bruin hande dra.

Daar is min woorde in ons taal en in ons land wat so baie uiteenlopende emosies en assosiasies oproep as die woord *plaas*; hetsy nostalgiese herinneringe, liefde, verbittering, haat, verlies, innige verbondenheid, terleurstelling of geluk. Daar is geskryf oor elke denkbare aspek van boerdery en die fassinerende lewe op ‘n plaas: van die gul wynlande van die Boland tot die barre droogteveld van die Noordweste en die vloede van die Oos-Kaap. Van waternood tot watersnood, van brande en diere en masjiene, die liefdevolle naasbestaan van mense in ‘n afgeleë gebied tot verraad en bedrog en verkragting in ruimtes waarin min ander mense kom.

Die skrywers en hul stories is so uiteenlopend soos Suid-Afrika se landbousektor. Vertellings strek wyd, van oestyd, droogtes, die opgewondenheid van die eerste elektriese lig in ‘n arbeidershuisie en winterbegrafnisse tot by plaasmoord, erfgename, oupas en oumas en romanse in die distrik.

Die hele geskiedenis van ons land is betrek, van die vroegste plase wat uitgegee is aan die eerste vryboere, tot die hedendaagse problematiek van plaasmoorde en –besettings en die wil om te oorleef op ‘n stuk grond. Daar is nostalgiese herinneringe, en daar is die harde werklikheid met min ruimte vir romantiek. Daar is beesplase en wynplase en koringplase en blomplase, daar is die plase wat verkoop word en plase wat gekry en geërf word.

Soms laat sak jy jou kop in skaamte (afhangende van jou velkleur) en ander tye vul dit jou weer met vertedering en ‘n grootse bewondering vir die medemenslikheid van ons plattelandse inwoners.

‘n Kort beskrywing aan die einde van elkeen se verhaal gee die leser ‘n intieme blik in die skrywer se ervaring, byvoorbeeld: “Willem (Stok) Ruben is plaaswerker en spoorsnyer en woon op die plaas Bremen, suid van Gochas, Namibie”, of: “Hannelie van Niekerk is boervrou en vryskutjoernalis en woon op die plaas Swartsekolk in die distrik Brandvlei”. So word elke kortverhaal verryk en kry die boek in sy geheel ‘n mate van innigheid en ‘n eie persoonlikheid en warmte.

Dit is nog net op afgeleë gebiede dat ‘n mens dit regkry om sterre te sien, die onmeetlike melkweg en die heelal kan bewonder. Soms, soms gebeur dit dat die melkweg een van sy miljoene sterre laat val…. En gelukkig is die mens wat dit sien! Hierdie bundel is een van daardie sterre, ‘n unieke gebeurtenis, ‘n ontploffing van energie wat die gewone mens klein laat voel. Of groot....

Die Melkweg Het ‘n Ster Laat Val sal elke Afrikaanssprekende met heimwee laat terugdink aan ‘n boereplaas, ‘n lappie geboortegrond, iewers, wat hy of sy bo alles liefhet.



Die bestuur, redaksie en administrasie van Kompas wens al sy lesers en ondersteuners ‘n geseënde Christusfees en 2007 toe.

FOLMER BOEKHANDEL
Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883
e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

Boekenuus

- **Van der Waal: Sola Scriptura**
'n Handige gids by die bybelstudie. Dr Sybrand Strauss van die Universiteit van die Vrystaat skryf oor hierdie boekies as volg: "Dit lê die verbande tussen verskillende Skrifgedeeltes bloot, dit gee 'n oorsig wanneer jy tussen al die feite wil verdwaal, dit wys jou altyd weer op die hoofsaak van alles: God wat uit genade in Christus sy verbond met ons opgerig het en in stand hou". Die Afrikaanse vertaling is veral ook geskik vir die jonger jeug.

- Afrikaanse vertaling. O T Deel 1-3. R60 per deel ('n paar van die vorige druk is nog beskikbaar teen R 39 per deel)
- Nederlands. Eerste uitgawe (1970) OT & NT Deel 1-3. R 150 (stel)
- Nederlands. (1985) OT & NT Deel 1-2. R 170 (stel)

- **De Boer, E A: Zij aan zij**
Die sentrale tema van hierdie boek is: in kerklike werk het die man die vrou nodig (Gen 2). De Boer vra o a die vraag wat was die plek van die vrou langs die man in die eerste christelike gemeentes? D m v intensiewe bybelstudie kom hy tot die pleidooi vir die skep van 'n vroulike amp sodat ook haar gawes tot eer van God kan ontwikkel.
(172 bladsye – R 190)

- **Laubscher, Sielie: Wolf op my spoor**
Vervolg op DonkerBosVerdwaal. In hierdie bundel sketse gee Sielie Laubscher ons 'n kykie op haar private binnewêreld waarin die wolf van verlies, verwerping, depressie en eensaamheid onverpoosd op haar spoor loop. Met vertellings en aanhalings lei sy die leser van boom tot boom, van skadukol tot ligkol, tree vir tree saam met haar op reis deur die bos. En uiteindelik kom 'n mens tot die troosbesef dat daar tog skrefies lig is – liefde, hoop, geloof – om die wolf te beveg en jou huis toe te lei.
(229 bladsye – R 98)

- **Trimp, P J: Sprekende beelden**
'n Reeks bybelstudies oor die gelykenisse van Jesus. Verskeie gelykenisse word saamgegroepeer onder verskillende tema's. Elke hoofstuk bevat punte vir bespreking en verwysings na ander literatuur.
(103 bladsye – R 66)

Folmer Boekhandel
(Pretoria)
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos:
freekvdm@mweb.co.za
Posbus 26489
0031 Gezina

Die tema wat volgende keer in KOMPAS bespreek gaan word:

Februarie 2007: Gesondheid

HOERA, DIS VAKANSIE!

Heleen Snyder

OPVOEDING EN ONDERWYS

Wanneer u hierdie artikel lees, is dit amper vakansie of die vakansie het al begin. ‘n Groot groep mense gaan weg en ‘n ander groep bly by die huis. In beide gevalle is daar kinders betrokke. Wanneer ons ver ry, of wanneer hulle al die weke by die huis is, kan hulle maar lekker verveeld raak. Ek hoop om u in hierdie artikel ‘n paar idees te gee om die verveling teen te werk.

Die lang rit na die vakansiebestemming kan vir kinders eindeloos wees. Dan is dit die taak van die ouers om hulle besig te hou. Sorg dat daar altyd papier en potlode in die motor is, dan kan die kinders teken. Sorg ook vir boeke. Hulle kan self lees of daar kan stories voorgelees word. ‘n Mens kan ook speletjies speel. Hier is ‘n paar voorbeelde.

Ek gaan op reis en vat saam: Die eerste persoon sê hierdie sinnetjie en noem iets wat hy saamvat, bv. ‘n tas. Nommer twee herhaal dit en noem na tas nog iets, bv. tandeborsel. Die items wat saamgevat word, word al hoe meer. Wie kan die meeste items in die regte volgorde onthou?

Naamkettings: Die eerste persoon noem ‘n naam, bv. Margriet. Die tweede persoon moet nou ‘n naam uitdink wat begin met die laaste letter van die vorige naam, dus ‘n “t”, bv. Thea. Dan moet nommer drie ‘n naam wat met ‘n “a” begin, noem. ‘n Mens kan afspreek dat net meisiesname, seunsname, Bybelname, ens. genoem mag word.

Vanne teken: Een van die kinders teken ‘n rebus (beeldraaisel) van ‘n bekende van, die ander in die motor probeer die van te raai.

Motors soek: Almal kom ooreen watter kleur of merk motor gesoek word. Wie hom eerste sien, het gewen. Dan word daar weer op ‘n ander kleur of merk besluit.

Motors tel: Hoeveel motors van ‘n bepaalde kleur of merk sien julle?

Registrasienommers: Maak sinsnedes van die letters van ‘n registrasienommer. Bv. van LRB034GP kan ‘n mens “Lekker Rou Boerewors” maak.

Liedjies sing: Elkeen kry sy beurt om ‘n liedjie uit te kies wat gesing gaan word.

Poppies teken: Gebruik potlood en papier. Die eerste kind teken ‘n kop met ‘n nek en vou die papier so dat ‘n mens net ‘n stukkie van die nek kan sien. Die papier word aan die volgende kind gegee, hy teken ‘n lyf en vou die papier weer. Dan word die papier weer aangegee en word daar bene en voete geteken. Die papier word oopgevou en die snaakste poppie verskyn.

Raai, raai, aan wie dink ek?: Een persoon dink aan iemand wat almal ken. Deur middel van die vra van vrae waarop slegs “ja” of “nee” geantwoord mag word, moet die ander probeer agterkom wie die persoon is.

Vir dié wat met Jan Tuisbly se karretjie ry, kan die vakansie nogal lank duur. Die kinders moet elke nou en dan besig gehou word, sodat hulle ook ‘n lekker vakansie het. Hieronder het ek ‘n aantal idees.

Bak en brou

Kyk in julle eie resepteboeke of daar resepte is wat kinders maklik kan maak. In die biblioteek is daar ook kinder-resepteboeke. Hier is ‘n resep:

Gevulde eiers: Jy het nodig: 4 eiers, 25 ml mayonaise, 125 ml fyn geraspte kaas, 5 ml mosterd, 2 ml sout, slaaiblare, tamatie en pietersielie vir versiering.

- Kook die eiers tot hulle hard is.
- Koel eiers in koue water af.
- Kraak die doppe en haal dit versigtig af sodat die eiers nie breek nie.

- Spoel die afgedopte eiers af onder lopende koue water.
- Sny elke eier in die lengte deur met ‘n groentemessie.
- Haal die eiergeel uit die eierwitte en hou die eierwitte eenkant.
- Maak die eiergeel met ‘n vurk fyn.
- Voeg mayonaise, kaas, mosterd en sout by en meng dit goed.
- Skep die eiergeelmengsel in die halwe eierwitte met ‘n teelepel.
- Rangskik die halwe gevulde eiers op gewaste slaaiblare en versier dit met pietersielie en tamatie.

Dis vir kinders ook oulik om die middagete te versorg. Hulle kan wafels of plaatkoekies bak. Ook kan hulle eiers bak of lekker toebrood-jies maak. ‘n Mens kan selfs restaurant-restaurant speel. As gesin kan ‘n mens een aand ‘n speletjiesaand hou. Die kinders berei dan in die middag die verversings vir die aand voor.

Verftegnieke

Tou-afdrukke: Jy het nodig: tou, karton, gom, verf, kwas, koekroller of bottel, gekleurde papier
- Teken ‘n eenvoudige prentjie op dik karton.
- Smeer gom oor die karton en plak tou op die lyne van die tekening.
- Wag tot die gom droog is.
- Smeer verf eweredig oor die tou.
- Plaas gekleurde papier bo-op en rol die koekroller/ bottel oor die agterkant van die papier.
- Lig papier versigtig op.

Blaarstempel: Jy het nodig: blare, papier, kwassie, verf, haartangetjie (tweezer)
- Verf beide kante van ‘n blaar met dun verf.
- Tel die blaar met ‘n haartangetjie op en sit dit op skoon papier.
- Plaas ‘n skoon vel papier daarop.
- Druk met een vinger op die papier sodat die blaar nie skuif nie en vryf met die vingers van jou ander hand oor die papier.
- Lig die boonste papier versigtig af.
- Tel die blaar met die haartangetjie op.
- Daar het jy sommer twee afdrukke.

Spatwerk: Jy het nodig: papier, verf, ou tandeborsel, karton, skêr, potlood, mes
- Knip ‘n vorm uit karton en sit dit op die papier.
- Doop die tandeborsel in verdunde verf.
- Hou dit oor die uitgeknipte vorm.
- Trek die lem van die mes of jou wysvinger oor die borsel na jou toe.

Met bostaande tegnieke kan ‘n mens kaartjies maak. Jy kan ook geskenkpapier maak deur die tegnieke op bruin papier toe te pas. As ‘n mens materiaalverf gebruik, kan jy hierdie tegnieke gebruik om T-hemde te versier. Om die prent permanent op die T-hemp vas te lê, moet die prent wat jy op die T-hemp gemaak het, gestryk word.

Klei

Die volgende resep is van speelklei. Die klei kan ‘n mens maklik self maak. Jy kan meerdere kleure klei maak. Die kinders kan enige ding met die klei maak. As die kinders klaar gespeel het, moet hulle die klei bêre in ‘n bak wat toegemaak kan word. Dan bly die klei lank goed.

Jy het nodig: 2 koppies meel, 1 koppie sout, 4 teelepels krematart, 2 eetlepels olie, 2 koppies kookwater, voedselkleursel
- Meng die meel, sout, en krematart.
- Voeg olie by.
- Roer kookwater by
- Sit kleursel by.

Dan kan ‘n mens ook nog soutdeeg maak. Ook hiervan kan die kinders maak wat hulle wil, bv. mannetjies. Dit kan dan gebak, geverf en gevernis word.
Jy het nodig: 3 koppies meel, 1 koppie sout, ongeveer 1 koppie water
- Meng die meel en sout.
- Sit die water bietjie bietjie by.
- Knie dit tot ‘n gladde deeg. (Meel moet nie meer aan hande bly plak nie)
- Maak jou poppetjie.
- Bak vir ‘n paar ure by 100 grade Celcius.
- Verf en vernis jou poppetjie.

Kerse maak

Dit is altyd oulik om te doen, maar onthou, daar moet altyd ‘n volwassene by wees! Daar is verskillende tipe kerse wat gemaak kan word. Koop goedkoop wit kerse en smelt hulle. Gebruik die kerspit van die goedkoop kerse.

Kers 1: Maak ‘n holtetjie in die sandput. Maak die kerspit aan ‘n stokkie vas. Hang die stokkie oor die holtetjie sodat die kerspit reg ondertoe hang. Giet die warm kersvet in die holtetjie. Wag tot die kersvet gestol is en haal die kers versigtig uit. Die sand vorm ‘n bakkie waarin die kers is. Die bakkie het ontstaan omdat die warm kersvet ‘n paar mm deur die sand gegaan het voordat dit begin stol het.

Kers 2: Die warm kersvet is in ‘n pot. Hou die kerspit by die punt vas en laat sak dit in die warm kersvet. Haal dit dadelik weer uit en tel tot tien.

Herhaal dit totdat die kers dik is. Terwyl jy die kerspit in die was laat sak, klou daar ‘n bietjie was aan die pit. Jy haal die pit uit, en terwyl jy tot tien tel, koel die was af en stol. Dan weer daarin laat sak en daar kom nuwe was aan. Wanneer ‘n mens die pit te lank in die warm was hou, smelt die was wat al aan die pit was, weer af en dan moet jy weer opnuut begin. As jou kers dik genoeg is, kan jy hom so los, jy kan hom in verskillende vorms draai of jy maak bv. ‘n paddastoel daarvan. Om verskillende kleure was te maak, smelt jy vetkryt saam met die kerswas.

As jy nie self kans sien om jou kinders kreatief besig te hou nie, is daar ook kunswinkels wat kunsklasse aanbied.
Behalwe om kreatief besig te wees, kan ‘n mens ook uitstappies onderneem, bv. na die eksploratorium, akwarium, dieretuin, swembad, ens.

Ek hoop almal het ‘n lekker vakansie en geniet dit om saam met hulle kinders te wees!

DOMINOKRASIE?

Dr Jan Meijer

BRIEWE VAN LESERS

Die onderwerp wat br Moes aan die orde stel, is die moeite werd. As sy evaluasie reg is, behoort daar vir elke gereformeerde mens gevaarligte te begin flikker. Ek wil dan ook graag 'n bydrae lewer aan die diskussie wat hy wil inisieer. Hy plaas darem wel 'n hele aantal punte voor die voetlig. Hy begin met die geskiedenis van die ontstaan van die biskopamp in die kerk. Ek stem daar nie heeltemal met hom saam nie, maar ons sal dit maar as van minder belang laat rus.

Daarna gee hy sy visie oor wat 'n meerdere vergadering is en hoe dit moet funksioneer. En daar verskil ek met hom. Hy stel dat afgevaardigdes na 'n meerdere vergadering hul eie kerk verteenwoordig. Nee, baie beslis nie. Hulle word deur middel van 'n kerkraad of klassis afgevaardig om op die meerdere vergadering met die gawes wat die Here hulle gee, die kerkverband te dien, in diskussie, in oorleg, beplanning en besluite. Br Moes

se standpunt kom gevaarlik naby 'n bindende mandaat vir die afgevaardigdes in alle sake. En hoe beoordeel hy dan bv. die situasie in die Gereformeerde Kerke in Nederland? Daar is op die sinode so 'n dertigtal afgevaardigdes uit iets soos 200 kerke. Het die 170 kerke waarvan geen lidmaat op die sinode dien nie, dan geen 'invloed' of 'seggenskap' nie? Nee, sinodelede moet na eer en gewete op grond van Skrif, belydenis en kerkorde hul werk op die sinode doen. Daar kan in uitsonderlike gevalle deur die mindere vergadering 'n bindende mandaat gegee word, maar dit is dan ook 'n uitsondering. Maar al sou br Moes se visie korrek wees, dan kan daar mos geen gevaar vir dominokrasie wees nie? Want dan moet predikante sowel as ouderlinge op die sinode slegs die mening van hulle kerkraad oordra.

En dan kom die groot vraag: is daar onder ons die gevaar van dominokrasie? Ek meen te bespeur dat br Moes dit as 'n wesenlik gevaar sien en ek wil daarop tog so 'n bietjie afding. Volgens my redeneer br Moes te sterk in groepe: daar is 'n groep van predikante op die sinode en 'n groep ouderlinge. Vroeër was laasgenoemde groep in die meerderheid en teenwoordig is dit die eerste groep. Maar dit is mos nie die regte uitgangspunt nie. Daar is 'n aantal afgevaardigdes wat gesamentlik 'n vooraf opgestelde sakelys moet afwerk. Maar, sal hy vermoedelik teenwerp, die praktyk is dikwels dat wanneer die predikante hulle mening gelug het, die ouderlinge verder maar stilbly en by die veronderstelde meerdere kennis, wysheid en insig van die predikante inval. Ja, in dié geval kan daar maklik 'n dominokrasie ontwikkel. Maar die fout lê dan nie by die sterkere verteenwoordiging van die predikante nie, maar by die stilswye van die ouderlinge.

Wanneer ons die pretensie van die amp van ouderling wil opknap en handhaaf, dan moet ons by die ouderlinge begin. Wat is hulle voorbereiding vir die taak op die sinode? Is hulle die regte persoon vir die opdrag daar? Ek dink dat hier die eerste ernstige punt van besinning lê.

Dit neem nie weg dat br Moes 'n ander baie nadelige punt in ons kerkverband uitlig nie. Die sisteem van afvaardiging met outomatiese deelname van adviseurs veroorsaak dat elke sinode bestaan uit of beïnvloed word deur steeds dieselfde persone, naamlik alle predikante/sendelinge. En dit is inderdaad 'n ongesonde en dus gevaarlike gang van sake. Dit veroorsaak dat elke volgende sinode vir ongeveer driekwart uit dieselfde persone bestaan. En dan maak dit geen verskil of dit steeds dieselfde predikante of steeds dieselfde ouderlinge is nie. Maar aangesien daar baie minder predikante as ouderlinge is, is daardie gevaar groter.

Moontlik kan hieraan iets gedoen word deur verandering in afvaardiging en uitnodiging tot adviseur. Wat van: elke klassis vaardig vyf persone af (tien man is mos wel genoeg vir ons kerkverband?), twee predikante en drie ouderlinge. Verder kan die sinode self, wanneer dit vir die bespreking van sekere sake diensbaar is, deskundige adviseurs nooi. En dit kan predikante of ouderlinge, deputate of sommer enige lidmaat wees, selfs die deskundige suster!

'n Voorvereiste vir goeie werk bly egter dat al die afgevaardigdes, predikante sowel as ouderlinge, hul volle gewig ingooi.

In Memoriam : Ds G van Rongen

Op 27 Oktober 2006 het die Here tot Hom geneem ds Gerardus van Rongen, emeritus predikant van die Gereformeerde Kerk te Steenwijk, Nederland. Ds van Rongen was 88 jaar oud en het 'n vrugbare en dinamiese lewe gelei as predikant. Vanaf 1944 was hy predikant te Waardhuizen, Zwijndrecht en Leiden (Nederland). Daarna is hy in 1955 na Launceston, Tasmanië, om die jong emigrante gemeente daar te dien. Op pad soontoe, per boot, het hy Kaapstad aangedoen en die jong Vrye Gereformeerde Kerk hier advies gegee en bemoedig. Na Launceston het hy nog die gemeentes van Grand Rapids, Michigan, VSA, en van Steenwijk gedien. Na sy emeritaat in 1983, het hy hom in Wes-Australië gevestig. Ds van Rongen het veral bekendheid verwerk oor sy werk oor die gereformeerde liturgie. In 1980 het hy sy MTh voltooi in Kampen oor liturgie, waarna hy baie artikels oor hierdie onderwerp gepubliseer het. Ons denk met dankbaarheid terug aan sy bydraes aan die gereformeerde lewe, waarvan ons ook in Suid-Afrika die trefkrag ondervind het. Hy sal nou aktief aan die hemelse liturgie kan deelneem.

Hans Moes

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943
E-pos (Stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:
Printburo
Tel. (012) 335-9134

Redaksie:
Greet de Vries
Hans Moes
Petro Hofsink
Juul Douma
Riaan van Alten
Herman van der Linden

Redaksieadres:
e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel (021) 919-5176

Nederland:
Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie:
Mev. G van der Meulen
Posbus 31195
Waverley 0135
Tel. (012) 332-3639

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

E-pos	RSA	R40
	Buiteland	€10
RSA	per hand	R90
	per pos	R100
Buiteland:		
	Seepos	€30
	Lugpos	€40

‘n Nuwe jaar

Ons het ‘n nuwe jaar betree.
‘n Nuwe lewensjaar
Deur God gegee.
God het ons weer bewaar.
Hy wil weer met ons verder gaan.
Hy wil weer langs ons staan.

Gaan ons onsself op Hom verlaat,
Alles uit Sy hand verwag?
Of maak ons staat
Op eie krag?
En wil ons God nog deel,
‘n bietjie van die wêreld steel?

U wat ons harte so goed ken:
Bewaar ons vir die kwaad.
Laat die satan tog nie wen.
Hou ons steeds paraat.
Laat U Gees tog in ons werk.
Maak ons stryders vir U kerk.

Klaas van der Veen
Uit *Hart van glas*